

**Vrydag 20 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 2:19-23**

**Fokusgedeelte: Matteus 2:22, 23**

**Die langverwagte Koning het gekom, soos voorspel is! (3)**

**D**ie lewende Here sorg ... Elke dag, heeldag. Altyd. Die langverwagte Koning, vir eers in Egipte “weggesteek”. Maar die engelboodskap klink.

Die mense wat die Koningskindjie se lewe gesoek het, is dood. Herodes én andere het ondanks die wrede kindermoord nie in hulle doel geslaag nie. Die Kindjie lewe!

Maar oppad na Israel besef Josef dat Judea, as gevolg van Argelaos se regering, nie veilig is nie. Voortdurende sorg van die Vader. Gedurig en altyddeur met rigtingwysers en koersbepalings. Die landstreek van Galilea ... Woon- en leefplek vir die Jesuskind van Betlehem. Veilig toegevou in die raadsplan van die Vader vir die wêreld en vir die mensdom.

Nasaret as woonplek. Nie 'n “voordorp” nie. Bekend vir ongerymdhede en roekelose mensedinge. Sondaarwêreld sonder gelyke. Geen veilige omgewing vir Betlehem se Kind nie.

Die langverwagte Koning op aarde. Tussen mense. Naby aan sondaar en sondares. Nie in die koningskamers van swierige paleise nie, maar in Nasaret. Bekend en berug. Die plek waarvan almal praat. Selfs Natanael wat in Johannes 1:46 vir Filippus vra: “Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?”

En in Nasaret woon die langverwagte Koning. Die Nasarener soos die profete vertel het. Die Verlosser. Die Kenner van menseleuens en harte. Tussen die mense. Die Nasarener van Nasaret. Nasaret en die wêreld. Dorpe en stede. Mense in die strate van die lewe. En Jesus van Nasaret wat 'n mensdom aanraak en koninklik met die boodskap van die lewe bedien. Leefplek en werkplek. 33 jaar. Op voetsoolvlak ... Verlosser in die tyd. Koning vir tyd en ewigheid! En ons lofsing elke dag:

*“Die Woord het vlees geword  
en onder ons gewoon.  
Die heerlijkheid van Hom  
wat van die Vader kom,  
wat vol van genade en derenis  
en vol van waarheid is ...” (SB 4-8)*

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)*